

1 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 100
Fokusgedeelte: Psalm 100

Is ek bly in my diens aan die Here?

Dien ek en jy die Here met blydschap? Kan almal om my die blydschap in my aanvoel en ervaar dat ek so bevoorreg is om Hom te kan dien? Ten spyte van die sonde en swakheid wat teen my wil in, in my oorgebly het, is dit vir my 'n saak van blydschap om kerk toe te gaan. Om te beleef en wys dat die hemel en aarde vir my as kind nou-al gekom het!

As gevolg van omstandighede en afstand was dit nie vir die bondsvolk moontlik om elke sabbat by die tempel uit te kom nie. Met besondere geleenthede en feesdae het hulle dikwels met moeite en opoffering die moeilike en dikwels lang pad te voet of per donkie (esel) aangepak. Hulle aankoms by die tempel was 'n baie besondere ervaring. By die tempel soos elke dag kon niemand voor God verskyn nie. In die Allerheiligste, afgeskort deur die voorhangsel, was sy teenwoordigheid op die ark tussen gérubsvlerke versinnebeeld. Daarom was daar seker by hulle vrees en benoudheid by hulle aankoms by die tempelberg.

Hierdie Psalm is dan moontlik gesing deur priesters wat op die tempeltrap gestaan (vs 2b) het. As hulle by die voorhof kom, het 'n tweede koor (vs 4a) gesing.

Wees bly julle is by die tempel. Hy is ons Skepper (vs 3b) en Verlosser (vs 3c). Die Here is goed en aan sy liefde is daar geen einde nie. Het jy en ek as deel van sy volk wat Hom dien en vrees, 'n belewenis, 'n ervaring en getuie na buite oor jou en my vreugde om Hom te dien, uitgedra?

Wat sien, hoor en ervaar ek en ander van die vreugde in my lewe? Is daar nie by ons so baie foute en besware in jou en my diens aan die Here wat al my vreugde verstar nie? Sien ander by my 'n dankbaarheidslewe vir my redding in Christus?
Dien ons die Here met blydschap?

Sing: Psalm 100:2 (1936)

Ds. JJ Breedt (Emeritus)